

## UIT DIE PEN VAN DIE CEO (12/11)

Justin Chadwick (1 April 2011)

GESEGDE VAN DIE WEEK "Don't give cherries to pigs or advice to fools." ~Irish Proverb

### SUIDER-AFRIKAANSE SITRUS-SKATTING VIR 2011

Die Sitrusbemarkingsforum het die skatting wat deur die produsente se variëteitsfokusgroepe voorberei is, bevestig, met 'n verwagting dat 94.5 miljoen 15 kilogram kartonne gepak en vir uitvoer in 2011 goedgekeur gaan word. Dit is 4.5% minder as 2010 se rekordoes van 99 miljoen kartonne en soortgelyk aan die 2008-uitvoervolume van 94.2 miljoen kartonne.

#### Sagte Sitrus [syfers in 15 kilogram karton ekwivalente]

Uitvoere van **Satsumas** het vroeg in 2011 begin met die eerste verskepings in week 8. Die totale Satsuma-skatting vir 2011 is 2.2 miljoen kartonne, 13% meer as 2010 se 1.9 miljoen kartonne. Die mees beduidende verskille is van die Nelspruit-streek waar nuwe aanplantings in produksie kom, en die herstel in die Patensie streek. **Clementine** volumes word geskat om vanaf 2.9 na 2.6 miljoen kartonne te verminder ('n 8% afname). **Mandaryn** volumes vir 2011 word op 3.1 miljoen kartonne geskat, wat meer is as die 2.7 miljoen in 2010 – 'n 14% toename. Hierdie jaar het die sagte sitrus fokusgroep 'n addisionele ontleding van die mandaryne se volumes gedoen – met die 3.1 miljoen kartonne wat in novas (1.1 miljoen), laat mandaryne (1.7 miljoen) en ander (250 000 kartonne) verdeel is. Meeste van die groter volumes is vanaf die Oos-Kaap streek. Gevolglik is die **totale** uitvoervolume vir **sagte sitrus** vir 2011, 7.9 miljoen kartonne, wat 5% meer is as die 7.5 miljoen kartonne van 2010.

#### Pomelo's [syfers in 17 kilogram karton ekwivalente]

Soos verwag toon pomelo's 'n hertsel na die lae volumes van 2010. Alle pomelo volumes is in 17 kilogram ekwivalente, omdat dit meer gereedlik in die handel aanvaar word. **Rooi pomelo's** word geskat om 10.7 miljoen kartonne te behaal, dit is op met 18% vanaf 2010 se 9.1 miljoen kartonne, en effens meer as 2009 se volume van 10.1 miljoen kartonne. Dit word voorsien dat daar met oes 'n week of twee vroeër as in 2010 begin kan word, met groottes van normale verspreiding (in teenstelling met die groter vrugte in 2010). Dit behoort goed in te pas by die voorspelling dat die noordelike halfroond vroeër klaar gaan wees. **Wit pomelo's** toon 'n effense herstel (2.1 miljoen in 2011 in teenstelling met 1.9 miljoen kartonne in 2010), maar is nog steeds minder as vergelyk word met 2009 (2.5 miljoen kartonne). **Totale pomelo** volume word op 12.8 miljoen kartonne geskat, 'n 16% toename op die 11 miljoen wat in 2010 vir uitvoer gepak is (soortgelyk aan 2009 se volume van 12.6 miljoen kartonne).

#### Suurlemoene [syfers in 15 kilogram karton ekwivalente]

Die volumes van suurlemoene word verwag om baie na aan die finale syfer van wat in 2010 gepak en vir uitvoer goedgekeur is, te wees – 2011 se skatting is 9.76 miljoen kartonne; 2010 se werklike syfer was 9.66 miljoen kartonne ('n 1% toename). Daar is 'n afname in volumes vanuit die **Senwes** streek (Groblersdal /Marble Hall area) as gevolg van hael en 'n toename in Sondagsrivier (wat verantwoordelik is vir meer as 50% van die Suid-Afrikaanse suurlemoenuitvoere).

#### Nawels [syfers in 15 kilogram karton ekwivalente]

Na 'n aantal jare van volhoubare groei het die skatting van nawels in 2011 afgekom – ongeveer 15% minder. Waar 2010 'n rekord van 22.9 miljoen kartonne opgelewer het, is die skatting vir 2011 19.4 miljoen kartonne. Grootste deel van hierdie afname is tydens die vroeë nawel periode, waar hael 'n groot impak op die volumes in Senwes gehad het (Groblersdal/Marble Hall area). Die verspreiding tussen vroeë, laat en Cara Cara nawels in 2011 is 14.1 miljoen, 4.7 miljoen en 574 000 kartonne. In 2010 was dit 17.4 miljoen, 5 miljoen en 618 000 kartonne. Oos-Kaap en Wes-Kaap is verantwoordelik vir die meeste nawels, en alle produksieareas in hierdie provinsies voorspel groter vrugte.

#### Valencia [syfers in 15 kilogram karton ekwivalente]

Soos in die geval van nawels, verwag die Valencia Fokusgroep 'n kleiner volume vir uitvoer in 2011. Die 2010 valencia-oes was 'n rekord van 46.5 miljoen kartonne – in 2011 word dit verwag dat dit met 8% na 42.9 miljoen kartonne sal verminder. Alhoewel die oes van Valentias nog ver is, is vroeë aanduidings dat die oes in die noorde (verantwoordelik vir die meeste van die uitvoere) twee weke vroeg sal wees en dat groottes normaal sal wees. Weereens is Senwes (Groblersdal/Marble Hall area) deur hael beïnvloed en is met sowat 1.5 miljoen kartonne af op laas jaar se werklike volumes. Alle streke het 'n afname in die verwagte uitvoervolumes ondervind.

**Om dit in perspektief te plaas, Suid-Afrika se lemoenvolumes sal met 106 000 ton minder wees – die gemiddelde jaarlikse lemoenuitvoere oor die afgelope 7 jaar vanaf Uruguay was 77 000 ton, vanaf Australië 114 000 ton, Chili 27 000 ton & Argentinië 143 000 ton.**

#### Totale Skatting vir 2011 [syfers in 15 kilogram karton ekwivalente]

Om 'n totale skatting van die volumes wat gepak en vir uitvoer goedgekeur gaan word, te verkry, is die volumes vir pomelo's na 15 kilogram ekwivalente omgeskakel.

|                     | Werklik 2008 | Werklik 2009 | Werklik 2010 | Skatting 2011 |
|---------------------|--------------|--------------|--------------|---------------|
| <b>Pomelo</b>       | 12.8 m       | 14 m         | 12.5 m       | 14.5 m        |
| <b>Sagte Sitrus</b> | 7.3 m        | 6.8 m        | 7.5 m        | 7.9 m         |
| <b>Suurlemoene</b>  | 9.6 m        | 8.6 m        | 9.6 m        | 9.8 m         |
| <b>Nawels</b>       | 21.5 m       | 19.4 m       | 22.9 m       | 19.4 m        |
| <b>Valencia</b>     | 43 m         | 38.4 m       | 46.5 m       | 42.9 m        |
| <b>Totaal</b>       | 94.2 m       | 87.2 m       | 99 m         | 94.5 m        |

### MAPUTO WERKSWINKEL

Maputo Hawe word gesien as 'n strategiese ontwikkelingsarea vir sitrusuitvoere vanaf die noordelike streek. Erge toenames in produksie, vervoer en verskepingskoste staan ons in die gesig vir 2011, en die noordelike streek is meer geografies in lyn met Maputo om die koste van vervoer te verminder. Die ekstra afstand na die Durban Hawe kos die noordelike streek 'n addisionele R80 miljoen aan vervoerkoste, 'n gemiddelde van R3.00 per karton kan gespaar word. 'n Bedryfswerkswinkel gaan by CRI in Nelspruit op 6 April 2011 gehou word. Dit begin vanaf 10:30vm en die doel van die werkswinkel is om ontwikkelings in die hawe en belangrike beperkings te identifiseer om sodoende beter benutting van die hawe in die jare wat kom, te bewerkstellig. RSVP aan [mitchell@cga.co.za](mailto:mitchell@cga.co.za)

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**